Tema: Lewe as mense van die Lig in hierdie donker wêreld

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Ps. 33-1: 1, 3
Ps. 68-1: 1, 7

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps. 21-1:1, 2, 4
Seën
Sing Ps. 89- 1: 1, 6
Geloofsbelydenis: 12 Artikels

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Eks 20: 4 - 6 en HK Sondag 35
Sing Ps. 19-1: 4
Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Formulier vir bediening van die doop\
Sing na die doop: Ps. 105-1: 5

Skriflesing: Efesiërs 5: 6 - 20 met teksverse Efes. 5 : 8 en 9
Filippense 2: 12 - 18
Sing: Ps. 36-1: 3 (Kleuters gaan na hulle bediening)
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Sing Ps. 72-2: 6
Seën
Amenlied: Sb 13-3.

Ds Piet Venter Die Doop word vanoggend bedien aan JW, seuntjie van Roelf en Elsa Geldenhuys van GK Randburg.

Ons sluit vanoggend die paar preke af wat gehandel het oor ‘n blinde man se oë wat opgemaak word omdat Jesus alleen ons Hom kan laat sien vir Wie Hy is. Hy is God se lig en heerlikheid en ons het gekyk na die wyse waarop hierdie lig wat Christus bring, ons hele lewe moet deurlig soos in Jesaja se geval toe hy God op sy troon sien sit het. Ons het ook gelet op die waarskuwing van Jesus dat wanneer jy ongehoorsaam bly en in sonde volhard, dan sal sy lig jou blind maak.

Geliefde brs en srs

Lig en donkerte of duisternis is seker van die belangrikste temas in die hele Bybel. Die heel eerste woorde van die Bybel stel hierdie twee dinge aan die orde. Ons lees in Genesis 1: 1 – 4 " In die begin het God die hemel en die aarde geskep. [2] Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef. [3] Toe het God gesê: "Laat daar lig wees!" En daar was lig". God het gesien dat die lig goed is en Hy het lig en donkerte van mekaar geskei".

God bring lig in 'n donker wêreld! Natuurlik verwys hierdie woorde in Genesis 1 in die eerste plek na fisiese lig en fisiese donkerte -nag dag en nag! Maar dis duidelik meer as dit!
Want eers op die derde dag skep God die son om lig te bring in die dag te gee en die maan en sterre vir die nag. Daar staan in Gen. 1:16 – 17 "God het die twee groot ligte gemaak, die grootste om bedags te heers en die kleiner lig om snags te heers, en ook die sterre. [17] God het hulle in die hemelgewelf geplaas om op die aarde lig te gee, om oor die dag en nag te heers en om lig en donkerte van mekaar te skei".

Die "lig" van vers 3 is dus duidelik meer as net die lig van die son en maan en sterre! Hierdie lig is die teenwoordigheid van God! Dit is God self! Daarom skryf Johannes in 1 Joh. 1: 5 : God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie." Dit is die groot boodskap van die Bybel! Dit is wat God aan ons openbaar! Hy is lig en teenoor Hom staan die donkerte!

Waar kom dié donkerte vandaan? Hoekom is daar metafories donkerte in hierdie wêreld! Dit kom van iemand wat ook reeds voor die skepping van die wêreld bestaan? Dit kom van Satan, ook genoem die Duiwel! Daardie engel wat teenoor God in opstand gekom het en uit die hemel gegooi is, hy is die bewerker van duisternis – van sonde, van leuens, van alles wat teen die lig van God staan!

Daarom kom hy dadelik na die skepping om die lig wat God na die wêreld gebring het, te verduister deur die sonde waartoe hy Adam en Eva verlei! Met daar die sonde het daar donkerte in die wêreld gekom! En so word die stryd tussen lig en duisternis ook hier op aarde gevoer! Die stryd tussen God en Satan wat God se ligheerskappy wil uitdoof en donkerte wil bring! Dit is die stryd waaroor die Bybel gaan! Dit is waarom God se lig laat kom – sodat mense op aarde nie deur Satan se donkerte oorweldig kan word nie – maar in God se heerlike lig kan lewe!

Om hierdie rede stuur God vir Christus na die wêreld om die duisternis te kom oorwin! Jesus was ook voor die skepping van die wêreld alreeds daar! Hy was en is deel van God se lig! Hy kom om God se lig weer helder en duidelik te laat skyn in 'n donker wêreld! Daarvan lees ons in Joh. 1: 1:1–4 "In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. [2] Hy was reeds in die begin by God. [3] Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder

Hom tot stand gekom nie. [4]In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense."

Jesus kom om die stryd tussen lig en duisternis te besleg! Hy kom ons Satan en sy duisternis uit hierdie wêreld te verdryf en God se lig weer helder en duidelik te laat skyn! Daarom sê Hy self in Joh. 8 : 12 " "Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee."

En dit is hier, brs en srs, waar Paulus ons met ons teksverse vanoggend in die prentjie bring! Hy plaas ons hier midde in hierdie groot tema van die Bybel! Midde in die stryd tussen lig en duisternis!

Hy beskryf die reddende werk van Jesus wat deur sy oorwinning oor Satan aan die kruis, met sy opstanding uit die dood en met sy Hemelvaart om op die troon van die koninkryk van Lig te gaan sit en te regeer! Dit is hier – in die lig wat Christus vir ons gebring het - waar Paulus ons plaas wanneer hy in ons teksverse sê: "[8] Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig."

Ons was vanweë ons sonde ook deel van die duisternis – maar omdat God se lig deur Jesus in ons kom skyn het, is ons nou lig! Kyk mooi wat Paulus sê: maar nou "in die Here" is julle lig! Die woorde "In die Here" beteken: alleen op grond van God se genade en Jesus se versoeningswerk word die heerskappy van duisternis uit ons weggeneem en is ons lig! Deel ons aan God se lig! Daardie lig van Genesis 1 en die lig wat Jesus gebring het, is nou in ons! Dit is God se genade aan ons! Dit is wat ons in Jesus Christus ontvang het! Ons is nou mense van die lig! Christus het ons uit die ryk van duisternis – van Satan – losgekoop met sy bloed! Hy het betaal sodat ons deel kan word van die ryk van die lig!

Geliefdes, wat 'n wonderlike boodskap van redding en lewe! Dit is presies wat die Doop ook vir ons wou voorstel of afbeeld! Die doopwater is die simbool van die lig – van die ryk van God! Dit dui op Christus se bloed wat ons skoonwas van sonde en ons bring in die lig en lewe wat van God kom! Nou is ons kinders van die lig!

Dit beteken nie dat Satan nie meer sy donkerte in ons sal wil bewerk nie! Dit is wat Paulus in vers 6 bedoel met die woorde: " moenie dat iemand julle met allerlei onwaarhede mislei nie!" Satan, br en sr, wil nog steeds met alle mag die lig uit ons lewe wegneem! Hy wil ons weer intrek in sy ryk van donkerte en sonde en verlorendheid!

En daarom roep Paulus ons op: Lewe nou as kinders van die Lig! Moenie toelaat dat sonde en donkerte weer in julle lewe heers nie! Die woord in Grieks wat hier vertaal word met "leef" beteken eintlik letterlik om "rond te loop"! Dit dui op jou daaglikse lewe as mens hier op aarde! Loop hier op aarde soos 'n mens vol van die lig – sodat jou lig die donker wêreld kan verlig!

Br en sr, Sien jy die groot plan van God net jou raak? Verstaan jy God se bedoeling met jou lewe? God is die lig! Hy bring lig na die donker wêreld! Satan bring duisternis en sonde en hy is steeds aan die werk hier! Christus kom breek sy heerskappy oor ons lewe sodat ons ook nou lig is!

En nou moet ons – as mense van die lig, hierdie lig verder laat skyn in die donker wêreld waar Satan steeds besig is! Ons moet nie toelaat dat Satan se donker in ons weer leef nie! Ons moet so in die Lig van God en Christus staan dat ons lewe ook lig kan uitstraal! Dit is my en jou grootste werk hier op aarde! Dit is waarom ons hier is! Ons moet hier God se lig weerkaats!

Wanneer Paulus hierdie selfde gedagte met die gemeente van Philippi in hf 2: 15 deel, dan stel hy dit so: [15] Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van God te midde van ontaarde en korrupte mense. Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld”. Die woord “ligdraers” is in Grieks eintlik “sterre” Tree onder die mense in die duisternis op soos “sterre”! Wat doen ’n ster? ’n Ster versprei sy lig in die nag!!

Wys skyfies

Dit is my en jou lewenstaak! Dit is wat ons elke dag moet doen! Ons moet God se lig in ons daaglikse lewe laat skyn! En net soos ’n ster geen keuse het wanneer die son op hom skyn nie – Hy weerkaats lig! So moet ons lewe in hierdie donker wereld!

Roef en Elsa, dit is julle opdrag as ouers! Voed vir JW so op dat hy ’n ster vir God kan wees! Leer Hom van die Here as die enigste Lig in sy lewe! Laat julle lig so voor hom skyn dat hy God in julle lewe kan raaksien! Leef vir Hom die evangelie van God se liefde en genade en Hy sal deur Jesus Christus ook ’n kind van die lig en ’n mens van die lig word! Julle mag baie ander drome oor hom hê – en baie dinge vir hom wil gee en sorg! Maar hierdie is die belangrikste taak wat God aan julle en aan ons almal opdra: Wees vir JW soos sterre in ’n donker wêreld en God sal sy lig ook op julle kind laat skyn sodat Hy ook ’n mens van die lig kan lewe!

Hoe lewe so ’n ster-mens van die lig? Hoe sien die mense in die donker wêreld God se lig wat van my weerkaats?

Paulus skryf in ons teksvers: “ [9] Uit die lig kom alles voort wat goed en reg en waar is.” Letterlik staan daar: die “vrug van die lig” is alles wat goed, reg en waar is! Dit is waarom die 1933 vertaling dit vertaal het met: “die vrug van die Gees” is alles wat goed en reg en waar is! Dit natuurlik ’n korrekte vertolking van die teks! Want inderdaad is dit die Heilige Gees wat in ons woon wat ons in staat stel om die lig te weerkaats! Dit is waarom Paulus ook in vers 18 waarsku teen die praktyke van die donker en sê: “laat die Gees julle vervul!

Hoe meer ons die Heilige Gees volg en met sy vrug in ons lewe leef, hoe helderder sal ons lig voor die mense skyn!

Paulus beskryf dan die werk van die Gees en die lig wat ons moet skyn met drie woorde:
1. “alles wat goed is”;
2. “alles wat reg is” en
3. “alles wat waar is”

Hoe weerkaats ek God se lig na almal rondom my?

Doen in die eerste plek alles wat “goed” is. Die woord kan ook vertaal word met: “goedheid”. Alles wat God is, moet ek wees! Alles wat “goed” is verwys tog na alles wat God ons leer in sy Woord! Soos Paulus aan die Filippense skrywe “Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is—watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees—daarop moet julle julle gedagtes rig”.

Br en sr, wat ŉ heerlike voorreg en wat ŉ geweldige verantwoordelikheid? Lyk my en jou lewe so? Is dit die lig wat ons weerkaats? Of sien mense dalk in my nog dinge wat sleg en donker is?

In die tweede plek moet ons lewe “met alles wat reg is”. Paulus sinspeel hier meer op die wet van die Here! Dat ons regtig lewe soos God in sy wet voorskryf! Dat ek die bepalinge van die wet leef! Dat die 10 Gebooie se lig en die liefdeswet wat Jesus ons geleer het, duidelik sigbaar sal word!

In die derde plek moet ons leef “met alles wat waar is”. Dit is duidelik nê? Die lig van die waarheid van God se Woord moet uit ons hele lewe skyn! Geen leuens of dwaling moet in ons lewe wees nie! Satan bring donkerte met leuens, ons bring lig met die waarheid!

Br en sr, ons moet altyd ons lewe aan hierdie dinge meet. Elke dag is ook ŉ dag van selfondersoek! Laat ek God se lig skyn of is ek besig met donker dinge!

Efes 5: 10 stel dit so mooi: Vra julle voortdurend af of iets vir die Here aanneemlik is”. Voor ek praat, voor ek ŉ ding doen, dink net eers en vra jouself net eers: sal dit vir God goed wees? Sal dit God se lig weerkaats? En as die Gees vir my sê: nee, dan doen ek dit nie!

So sê die Here sal ons die donkerte rondom ons verdryf! So word ek en jy deel van God se ryk en van God se stryd teen die duisternis! En so lank ons leef sal ons hiermee besig wees! Die Here roep ons op om hierin te volhard! Leef as mense van die lig! Laat julle lig skyn in die donker!

En die Here belowe: daar kom ŉ einde aan die donker! Die mag van Satan en die ryk van die duisternis se tyd is min! Christus kom terug om dit finaal te verdryf! Die dag as die Here kom – sal Hy Satan in die laaste geveg finaal oorwin en sal God se lig vir ewig skyn! Ons lees in Open. 21:23–24 van ons lewe op die nuwe aarde:

23 Die stad het nie die son en die maan nodig om hom te verlig nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp. 24 Die nasies sal in die stad se lig lewe, en die konings van die aarde verleen luister daaraan.”

Sien u, dan is ons weer terug by Genesis 1: God is lig! Sy heerlikheid sal oor ons skyn!

Ek en jy leef elke dag deur Jesus in hierdie heerlike lig van God – dit is ons redding en ons genade! Br en sr, leef dan as mense van die lig! Gaan wees more en oormore en oral waar die Here jou stuur en jou gebruik: wees tussen hulle ’n ster! Weerkaats God se lig – dit is waarom jy hier is!

Amen